

FRANSKRAAL BUURTWAG

NUUSBRIEF / NEWSLETTER

SERPTEMBER 2024



Kantoor: H/v Ross- & Loopstraat

Redakteur: Willem van der Merwe

NOODNOMMER 081 419 0180

Die jaar lê op sy rug en gedurende die jaar 2024 het daar baie gebeur.

Sommige gebeure was beplan, maar ander nie. Maar deur ons Vader se genade gaan ons nog voort.

Ek is nie 'n skrywer nie, maar ek gaan probeer om van die nuus na julle te bring.

Die winter het Franskraal behoorlik 'n harde tyd gegee, bv. koue en storm winde. Baie reën en geen elektrisiteit as gevolg van 'n gebreekte paal, verspoelings, paaie onder water en veral huise se erwe onder water.

Noudat die inwoners in samewerking met die Belastingbetalers vereniging in opstand gekom het, is dinge aan die gebeur.

Die burgermeester en haar direkteure en nog wat is opgekommandeer en is vergaderings gehou en daar is begin met herstel/voorkomings werk.

Ek wil 'n spesiale dank rig aan ons patrollie lede. Hulle het hierdie winter in moeilike omstandighede hulle goed van hul taak gekwyt.

Baie dankie vir julle groot onbaatsigte diens wat julle aan Franskraal gemeenskap lewer. Julle is die ruggraat en sukses van Franskraal Buurtwag.

GROOT VERSOEK AAN ALLE INWONERS VAN FRANSKRAAL

1. Straatnommer moet duidelik sigbaar wees van die pad.
2. Skakel u buiteligte aan in die nag. Dit help ons baie. Soos u weet, is dit nagdonker en u buiteligte is van groot hulp.
3. Sorg dat u motorhekke en motorhuis deure toe en gesluit is.
4. Diefwering voor oop vensters en veiligheidshekke voor die huisdeure.
5. Woonerwe wat bebos is en te groot bome verberg u woonhuis. Dus kan patrollie lede nie behoorlik op die huis lig nie.
6. Beboste en oorgroeide leë erwe bied skuiling vir die misdadigers plus meestal is daar uitheemse plantegroei en slange. Dit word nou somer. Rapporteer hierdie onooglike erwe by die munisipaliteit, sodat dit skoon gemaak kan word. Franskraal Belastingbetalers vereniging sal jou ook van hulp wees.

Ja, dit is so — ons is self verantwoordelik vir ons gesin se veiligheid.

Help ons asseblief. Wees deel van die oplossing. Sluit aan by Franskraal Buurtwag. Ons benodig almal se hulp. Finansieël en/of patrollies. Kontak ons noodnommer 0814190180 en ek sal met julle 'n afspraak maak. Bel asseblief. Geen wattsapp of sms nie.

MISDAAD

Misdaad bly 'n groot probleem in Franskraal en dit is hier om te bly indien ons nie saamstaan nie.

Ja, ek weet saamstaan is 'n moeilike "woord". Glo my, ek probeer dit al vir meer as 9 jaar. Jy kry net nie al ons inwoners in een kraal om saam te staan en saam die probleem aan te spreek nie. Eendrag maak mag.

Die jaar 2024 het al 9 gevalle meegebring waartydens van ons inwoners aangeval is. Die aanvalle/inbrake is al hoe meer geweldadiger. Die misdadiger sal jou ernstig aanrand of erger vir net 'n selfoon.

Die instroming van vreemdes word al hoe erger en hier is nie werk vir hulle nie.

Onthou, jy is die teiken. Moet onder geen omstandighede vreemdes by jou laat werk nie — nie in die tuin nie en ook nie in die huis nie.

Bekom 'n duidelike afskrif van hul ID en bewaar dit.

1. Daar was 1 moord.
2. Twee gevallen waartydens 'n egpaar by die rolbalbaan in die aand aangeval is. Die man is 3 keer met 'n mes gesteek en het reeds 2 operasies ondergaan. Sy vrou is met geweld teen die grond gegooi, aangerand en van haar handsak beroof. Die man was ook geskop terwyl hy op die grond gelê het. Saakdossier is by Gansbaai Polisie geopen. Poging tot moord, roof en ernstige aanranding .
3. Drie dames is aangeval in hul huis. Skuifdeur is gebreek en hulle is beroof van hul selfone.

Ek praat niemand bang nie, maar dit is feite. Mense wees altyd versigtig. Vergeet daardie gesegde "dit sal nie met my gebeur nie".

Franskraal Buurtwag het 'n noodnommer 081 419 0180. Ons patolleer elke nag. Ja, ook naweke en vakansie dae. Ek vra dat u die SAPS en Wetstoepassers gedurende die dag tot 20h00 sal skakel met u klagtes of probleme.

Onthou, die Buurtwag patrollielede is almal pensioenaris. Hulle is vrywilligers. Buurtwag patolleerdeders het geen magte bv. tot visenterings, arrestasies, ens. nie.

Buurtwagte is voorkomend en is die ore en oë vir die SAPS.

PROJEKTE

Augustus

Franskraal Buurtwag het 10 hondehokke geborg. Die hokke is geverf deur van ons patrollielede en aan Nols by Barc geskenk.

September

Tans is ons besig om die kantoor, veral buite, te verfraai.

Oktober

Kameras—ons het nou kameras bestel en met die ontvangs daarvan, sal ons 'n reeks proeflopies uitvoer.

Indien u oor kameras beskik by u huis en dit is na die straat aangebring, sal ons graag van u wil hoor.

Soos u bewus is, is dit 'n baie duur opset.

Indien u nie kameras het nie en dit is moontlik dat ons by u woning 'n kamera kan aanbring, skakel my asb 083 791 8497. Ja, ons benodig Wi Fi.

Groetnis

Willem van der Merwe